Die Voortrekkers

Posbus 12015, Queenswood, 0121
Pierneefstraat 901, Villieria, 0186
Tel 012 329 6011 / 086 613 9913
E-pos hkvoort@iafrica.com
www.houkoers.co.za

VIR PUBLIKASIE

KONTAKPERSOON: Kursusleier Willem Scholtz

DATUM: 24 September 2019

PLEK: Iewers langs die oewer van die Vaaldam

DIS MIN MAAR DIS IN

Wilgedraai Selfbehoud maak die meeste van hul reis

Nadat Wilgedraai Selfbehoud die kamp verlaat het op Sondagaand het hulle avontuurlike reis begin om deel te word van dié gesogte en uitgelese Vikinggroep. Hulle het te voet hierdie roete afgelê, deur Metsimoholo en Oranjeville na hul eindbestemming wie weet waar. Met sonsopkoms het die traanspore dubbel gelê oor die stowwerige wange van hiérdie baie moeë avonturiers: Die skouers was seer, die rug was seer, die bene was seer, die voete was seer, maar nie een wou die handdoek ingooi en hul dogtag verruil vir 'n warm sagte bed in die kamp nie.

Na 'n vinnige verorbering van 'n ontbyt, was 'n wel verdiende slapie aan die orde van die dag. Dit het hulle die nodige krag en energie gegee om te bou aan die vier-vlot-Viking-vloot en voort te gaan op hierdie onvergeetlike reis. Later (gedurende Maandagmiddag) het daar so 'n ligte windjie opgesteek wat maar skraal oor die waters gekom het en is daar vir die dag halt geroep. Die Wilgedraai Selfbehouders het hulle

tydelike basis sommer so onder die vlotte, op die oewer, ingerig. Hulle het met sonsopkoms niks gesê van die koue nie maar was ongelooflik dankbaar vir ’n rustige aand se rus. Soos die Magaliesburg se Aandlied sê: “Môre dank ons U vir goedheid, gawe van ‘n nuwe dag.”

Met vol magies was daar ’n algehele gevoel van genoegdoening en is die tydelike basis in ’n ligte en spelerige luim opgeslaan en die pad aangedurf na die Vikingavonture wat, om die draai, vir hulle lê en wag: “Die Vaal se waters leer ek ken, hier sal ek myself leer wen.”

EINDE